

Vroueblad

Uitgawe 1 van 2022



NG HEUWELKRUIN

BLOEMFONTEIN

**HALFJAARLIKSE NUUSBRIEF
VANAF DIE VROUEDIENSBESTUUR**

BYBELSTUDIES BY NG HEUWELKRUIN



In Heuwelkruin-gemeente word die volgende Bybelstudies aangebied in die Jeugkamer:

- Mannebybelstudie elke Dinsdag om 09:00 - 10:00
- Vrouebybelstudie elke Woensdag om 09:00 - 10:00
(hierdie groep begin gedurende wintertyd om 09:30)
- Boek-vir-boek Bybelstudie elke Donderdag om 09:30 - 10:30 (mans en vroue)
- Vrouebybelstudie elke Vrydag om 09:45 - 10:45

Ons wil jou graag uitnoui om deel te word van hierdie groepe en so die wonderlike Bybel te ontdek! Nie net leer ons meer van die Bybel nie, maar word daar ook vriendskappe gevorm. Wie weet...dalk ontmoet jy nog jou beste vriend of vriendin terwyl jul saam uit die Bybel leer!

Navrae: Ds Mauritz Heyneman (079 895 3916)

ALMAL IS BAIE WELKOM!!!

Vroueoggend

13 Augustus

09:30 vir 10:00

Kom luister na die ongelooflike oorlewingsverhaal van Alison Botha...van 'n slagoffer van geweld tot 'n internasionale motiveringspreker vandag.

Beperkte plek beskikbaar!
Kontak ons spoedig vir besprekings
OF indien jy gasvrou kan wees vir 'n
tafel dié oggend.
Tel. 051 436 663 (8:00 - 13:00)

Die geleentheid word aangebied deur NG Heuwelkruin en Woodland Hills Gemeenskapskerk en vind plaas in die Woodland Hills Gemeenskapsaal.

NG HEUWELKRUIN



R240
per
persoon

Koffie/tee en
verversings ingesluit

You can't buy
Happiness
but
you can buy
HEUWELKRUIN
COFFEE
and that's pretty
close.

@ R80
(250gram pakkie)
beskikbaar in die
kerkkantoor!





Liefde kom soos 'n Virus

- Hermine Watson



Liefde is nie mooi nie, dis bedlêend, haweloos, honger, bang, gemolesteer, bejaard en sonder geld. Liefde is soos 'n virus, dis aansteeklik en onverwags. Liefde vra nie, dit wys. Liefde ontvang nie, dit gee. Liefde is sonder voorwaardes. Liefde is bang, maar gedrewe. Liefde is gekruisig. Liefde is die Gans Anders.

Jare gelede het ons baie "*Liefde is...*"-gesegdes op t-hemde, handdoeke, kaartjies, notaboekies met oulike gesegdes en hartjies gekry. Dit was 'n sorgvrye tyd van goedvoel en jonkwees. 'n Tyd van salige onbewustheid van die osoonverdunning en aardsverwarming. Liefde was 'n oulike, klein babatjie met dimpels wat maklik omhels en die denke - "*dis die lewe!*"

Daar sit vanoggend twee duiwe en twee mossies in 'n droë boom hoog in die lug. Volgens die Bybel is althuis hierdie voëls 'n teken van nederigheid en genoegsaamheid. Die arm Jode kon twee duiwe geoffer het as hul nie 'n lam kon bekostig nie.

Jesus het na God se sorg vir 'n klein mossie as 'n teken verwys dat ons, ons bekommernisse in Sy sorg kan plaas. Sy sorg is genoeg. Die moeilikste ding is om dit só in te sien, want ons dink ons moet dit verdien - meer gee?



Is my twee duifies genoeg teenoor die groot bydrae wat die ander persoon gemaak het? Sal Hy werklik so goed vir die "common", oorbevolkte mossie sorg? Is ons, my en jou hande dan nie juis Sy hande wat vir almal sorg nie?

Die pandemie het dalk vir ons 'n nuwe Seisoen van visie gebring, waar ons oogsalf 'n virus is. Soos die wêreld ons verblind met aardse goed en standaarde, kan ons dalk nou in die donker onsekere tye dieper kyk om hemelse waardes raak te sien. Die pandemie het ons weer laat besef hoe vinnig ons lewe op aarde kan verander of stop. Ons drome is gekaap! Dalk kan ek nooit weer oorsee reis nie, of daardie droomhuis bou nie, of die perfekte gewig behaal nie, of minder plooi kry nie. Ek gaan nooit soos my buurvrou kan skilder nie, en kan nie die foute van die verlede verander nie.

Covid-19 se nuwe-effek kan ons wys hoe liefde, geloof en hoop sonder maskers lyk. Ons leer onself en ander soos ons Skepper sien. As ons onself as goed genoeg kan aanvaar, omdat Christus se offer vir ons goed genoeg is, sal ons mekaar se hande in die gees van aanvaarding kan vat. Nie hande vat soos die kinderspeletjie "Ring-a-ring-a-rosey," wat uiteindelik op "all fall down" eindig nie, maar handevat soos 'n ligkring om 'n sonsverduistering* wat die *awesome* skyning van God se liefde vir die wêreld in hierdie donker tyd uitbeeld.

*Die definisie van "corona" in astronomie: "The rarefied gaseous envelope of the sun and other stars. The sun's corona is normally visible only during a total solar eclipse, when it is seen as an irregularly shaped pearly glow surrounding the darkened disc of the moon."



wêreldbiddag vir mans

5 Maart 2022

Die wêreldbiddag was ongeveer dieselfde tyd toe Shane Warne oorlede is en Rusland die Oekraïne begin ingeval het. Die aanbieder, ds. Jan Venter, kon maklik daaroor gepraat het. Die versoeking was groot, want dit is relevant vir die hier en die nou.

Daar was egter 'n ander boodskap wat op sy hart gedruk het...

Daar bôel ds. Jan almal uit deur te vra: “Wat laat jy na aan die mense wat jou ken?” Dit het niks met geld te doen nie! Hoe gaan jou mense jou onthou? Watter verskil het jy in hul lewens gemaak dat mense nog lank na jy weg is na jou ewige tuiste, jou dade en voorbeeld gaan onthou? Is dit dalk soos die oorlede man wie se twee seuns die enigste persone was wat sy roudiens bygewoon het. Die personeel van die gemeente is toe maar gevra om saam tee te drink na die diens.

Daar is verskeie “erflatings” wat ds. Jan Venter aangeraak het in sy aanbieding:

- geld;
- emosionele erflating;
- erflating van insig;
- erflating van voorbeeld;
- erflating van herinneringe en
- erflating van my siel.

Dit was maar enkele voorbeelde waarna hy verwys het, maar die groot vraag is... is ek 'n NEMER of 'n GEWER in my lewe?

Duidelik was hierdie 'n gesprek wat 'n klomp gedagtes losgemaak het by die manne wat teenwoordig was tydens hierdie gebedsoggend. Na afloop van die geleentheid het die Vrouediens reggestaan met 'n onvergeetlike ontbyt. Tussen elke hap deur was die onderwerp van bespreking tussen die klomp manne - “so wat laat jy na?”

Die tema het die manne duidelik aangeraak. Ons is so gefokus om fisiese erflatings vir ons geliefdes na te laat, maar die groot waarde lê veral in ons dae en ons optrede.

So my vraag aan jou “die leser” is.... “wat laat jy aan jou geliefdes, (behalwe 'n finansiële erflating) na?”

Groete

Griesel Muller



WAT IS 'n OUMA...



'n Ouma is 'n tannie wat te oud is om self kinders te hê
daarom het sy ander mense se kinders lief.

'n Ouma is baie slim. Wanneer jy saam met haar gaan stap,
noem sy jou die naam van elke blom, boom of voëltjie.

Maar sy is darem nie té slim nie, want sy ken nie al die karre en
motorfietse se name nie.

'n Ouma kan baie lank stilsit, vernaamlik in die kerk, want sy sit dan
op haar lekker sagte vet.

'n Ouma ken ook al die liede wat hul sing sommer so uit haar kop uit.

'n Ouma dra 'n bril en snaakse onderklere en kan haar tande en
tandvleise uithaal.

'n Ouma kook konfyt wat mens met die hand kan eet.

'n Ouma lag altyd vir jou grappe en raas nooit nie.

Almal moet tog probeer om 'n ousa te hê, want sy het baie tyd om
met kinders te speel.

'n Ouma dink ook nie 'n kind moet pakslae kry nie.

As jy huil, moet jy baie hard huil, want dan gee 'n ousa vir jou
lekkers en partymaal betaal sy jou ook vir jou trane.

Mens verstaan nie altyd ousas nie, want wanneer sy siek voel huil sy
maar sê nee, sy het nie pyn nie. Lyk my ousas kan jok ook.

Maar ek glo haar wanneer sy sê ek is die mooiste in die hele werêld.

O ja! Oupa's is mans-Ouma's

Skrywer onbekend

WERK SAGGIES MET JOU MA

Soms kom my vinnige antwoord, skeef en vol skerp hoeke uit my mond ... Sny sover dit gaan, maar ek draai te vinnig weg om nie te sien die diep sny wat dit laat nie

Die helfte van wat sy doen verstaan jy nie, wat sy alles toelaat, laat jou koud. In een oomblik wil jy haar skud maar eers later maak dinge vir jou meer sin.

Die goed wat sy jou nooit vertel het nie, is die goed wat haar binneste uitgehol en gevorm het, om meer te dra waar niemand dit sien nie ... Daardie goed wat haar soms laat breek waar jy dit wel kan sien al wil jy nie ...

Haar oë sien alles raak, maar sy hou so baie vir haarself. Sy tree terug en offer haar hoop vir haar kind se geluk. Die dankbaarheidsopbrengs is gereeld maar min, maar die vlam strek steeds hoër soos die brandhout van haar gebede opgestapel hemelwaarts neig ...

As sy vandag nog aarde-aseem teug, bly vir 'n oomblik net stil en loop krap in jou dankbaarheidsargief vir die warmte in jou hart, die vergifnis in jou stem, die verwondering van jou kleuterdae oor haar ... Werk nie net vandag, maar elke dag, net saggies met jou ma ...

Want die dag gaan kom wat haar môregroet elke dag sal stop ... Haar woorde, "ek is lief vir jou my kind", sal jy nie meer hoor nie ... Haar stem sal stil raak ... En al wat sal oorbly is net herinneringe ...

Waardeer jou ma vir die tydperk wat sy nog hier op aarde is...



Verf met stensils

deur HANNELIE DU RANDT



Op Saterdag, 21 Mei 2022 het 'n groep van 50 vrouens besluit - basta met Covid - ons gaan nie meer "ge-hijack" word nie. Die koue oggend is getrotseer, kreatiewe breine is aangeskakel en in die warm geselskap van Martie Lamprecht is 'n stensilverf-werkswinkel in die kerksaal bygewoon.

Almal was verstom om te sien hoe Martie 'n eenvoudige kussingsloop in 'n meesterstuk omtower. 'n Vaal badkamerteël of vervelige wit kers verander in 'n kunswerk. Dit was 'n heerlike kuieroggend en Martie het oud en jonk laat tuis voel en geleer om gewone lapverf in pret te verander.

Die beste nuus van alles - selfs die dames met tien duime (soos ek) se eindproduk het heel skaflik uitgekom. Die dames wat die werkswinkel bygewoon het, kan nie uitgepraat raak oor hoe baie hulle geleer en die oggend geniet het nie.

Baie dankie aan Martie dat jy jou talent met ons kom deel het. Dankie Sonja vir al die reëlins en hulp om die oggend seepglad te laat verloop. Hierdie was beslis die begin van 'n nuwe avontuur by Heuwelkruin - ons hoop om baie meer gemeentelede by ons volgende werkswinkels te sien.



Martie Lamprecht



HET JY GEWEET? –



In die konsentrasiekamp, meer as 100 jaar gelede, sit Anette Marais op 'n stomp en skud die stof van haar verslete klere af. Rondom haar sit die groepie bekende gesigte van moeë vrouens. Net 'n paar tree verder is die hoë draad van die konsentrasiekamp. Sy slaan haar Bybel oop en begin lees. Sy het in die donker ure van die nag geworstel met God en Hom gesmeek vir 'n boodskap om hierdie vrouens te bemoedig, want wie weet hoe lank nog?

Anette lees die woorde van Matt 10:29 – “Is twee mossies nie vir 'n sent te koop nie en tog sal nie een van hulle op die grond val sonder die wil van julle Vader nie.” Terwyl sy besig is om hierdie woorde te lees, kom sit daar 'n vaal klein mossie op haar skouer. Die groepie vrouens staar met verbasing na wat voor hulle gebeur. So word die mossie die teken van hoop in die onmoontlike omstandighede van die konsentrasiekamp in Bethulie.

Dit was fantasties om te sien hoe die mossies van Bethulie, in die maande wat volg, 'n baken van geloof en hoop vir hierdie vrouens geword het.

Op 21 Mei 1902 was die oorlog verby, Anette het op pad terug na haar huis gestop by 'n vrou met invloed en haar vertel van die mossie-boodskap. Sy het dit weer oorvertel en genl. Jan Smuts het in 1923 die mossie op die land se kleinste muntstuk (kwartpennie) laat verskyn.

Amper 80 jaar later sit Jak de Priester in 'n park in London. Sy geld is op, hy kry nie werk nie, hy mis die meisie van sy drome en sonskyn en biltong. Hy slaan sy klein silwer Bybeltjie oop en lees die “mossie” boodskap en bid vir die soveelste keer vir werk!





Vroeg die volgende oggend lui sy telefoon en dis die oproep waarvoor hy gewag het. Hy spring op die eerste trein en begin met 'n lang dag se onderhoude, maar gelukkig en met 'n permanente werk klim hy weer laatmiddag op die trein.

Toe hy in klim, sien hy 'n muntstuk op die vloer lê. Hy tel dit op en daar op 'n trein in London hou hy 'n Suid-Afrikaanse Ic in sy hand, met 'n mossie agter op. Hy vertel dat die wêreld rondom hom gaan stilstaan het, dat hy besef het dat God daar by hom op die trein is en dat gebed sy waarborg is, in hierdie stukkende wêreld.

Vandag, 'n paar jaar later, skud ek my beursie uit. Ek sit 'n Ic neer vir my vriendin met borskanker, nog 'n Ic vir huwelike wat sukkel, 'n Ic vir iemand na aan my hart se werksomstandighede, vir enkelouers en weduwees en ek besef die mossieboodskap is dalk net een versie in 'n dik Bybel, maar 'n Almagtige, liefdevolle God staan hieragter!

Here, dankie, dat daar altyd hoop is. Dankie, vir bakens langs die pad wat ons help om geduldig te wees, terwyl ons wag vir U om op die perfekte tyd ons omstandighede te verander. Gister, terwyl ek vir my kliënte sit en wag en ek dieselfde boodskap vir my vrou gestuur het, het 3 mossies op my voertuig se voorste "bushbar" kom sit en het ek dadelik geweet ons Koning praat met my om my gerus te stel. Daar is niemand soos Hy nie en Hy sal altyd na ons kyk en ons versorg. Hy's net 'n gebed ver. Geseënde "mossiedag" vir jou. Shalom!

Mag God Homself ook vandag op 'n besonderse manier aan jou openbaar.

God seën jou!



Skrywer onbekend



Wie is die Boomsitters?

deur **LOUIS VAN BILJON**

Toe ek so ses jaar gelede afgetree het, het ek spoedig beleef hoeveel minder my daaglikse kontak met mense skielik geword het. Ek het in my lewe geleer dat dit wat verby is, nie weer teruggeroep kan word nie én “no man is an island”.

As my aftrede en moontlike eensaamheid enigsens vir my ‘n probleem sou word, het die BÓÓM baie vinnig vir my ‘n uitkoms gebied.

Ek het ingeskakel by die boomsitters en woon sedertdien elke Vrydag, twaalfuur se “sitting” by, baie bewus van die waarde wat die Boom en sy lede tot my lewe toegevoeg het:

- Ek het vinnig nuwe vriende gemaak. Ons sit saam in die erediens, maar ten spyte daarvan dat ons broers in die Here is, bly ons tog relatief vreemd vir mekaar. Maar by die Boom, kom staan ons nader aan mekaar en word ons werklik familie.
- Dit is so lekker en verrykend om na almal se vertellings te luister en om self te kan deelneem. Dit lei inderdaad tot ‘n verbreding van kennis en persoonlike insig.
- Vir my was en is die Boom bydraend tot ‘n geestelike en algemeen menslike verdieping.
- Elke Vrydag as ons vertrek, beleef ek dit dat my gemoed sommer ‘n lekker positiewe inspuiting gekry het – en ‘n mens sien sommer reeds uit na die volgende samekoms.
- Ja, laastens en beslis nie die minste nie, is elke samekoms eintlik te kort, want met ‘n “ysere hand” bly die kuiertyd beperk tot net sestig verbysnellende minuutjies.

Wat vir my van die begin af opgeval het en baie verblydend was en is, is dat ons as kinders van die Here kan saamkuier en dat daar humor in oormaat is. Niemand vloek nie, niemand vertel vuil grappe nie en niemand skinder nie. Ons kla nie eers oor ons vrouens nie! Tog hang ons aan mekaar se lippe en lekker lag (en genoeg ernstige onderwerpe) is aan die orde van die dag by elke sitting!!!



Waaroor gesels ons dan? Ons begin en eindig met gebed en verder gesels ons net mooi oor enigiets onder die son.

Nou is my boodskap aan elke suster wat met 'n potensiële boomsitter getroud is, stuur hom Vrydae om twaalfuur Boom toe.

...As hy in jou pad is en hy is lastig, stuur hom Boom toe.

...As hy nie in jou pad is nie en ook nie lastig is nie, stuur hom Boom toe.

...As jy baie lief is vir hom, stuur hom Boom toe ...

Laastens moet ek ook my waardering uitspreek dat ons afgetrede manne belangrik genoeg geag word dat kosbare tye gedeel kan word. Dit maak van ons 'n groepie gelukkige ou toppies omdat ds. Mauritz elke week vir ons voorvat. Baie, baie dankie daarvoor.

Sien jou onder die Boom my vriend!



Louis



Boekemark met 'n doel

27 Mei 2022 - dit is vroegoggend en die kerksaal is nog effens in skemerte gehul. Daar hang amper 'n gewyde atmosfeer oor die lang rye tafels, volgepak met boeke. Elke afdeling is netjies aangewys: geestelik; gesondheid; geskiedenis; gedigte; reis; stokperdjies; kinderboeke; storieboeke; ens. Bladsye vol van verbeelding, insig, inspirasie, kundigheid en belewenisse. 'n Sterrestelsel van woorde en geheime om die lewe te probeer verstaan en te beleef...

Hoeveel tyd is gespandeer om dit alles te skryf, te lees, te bespreek en dan weer dááror te skryf? En nou lê dit hier, rug aan gesig om nóg 'n keer dalk verkoop te word, nóg 'n keer hopenlik gelees te word. 'n Mens wonder in hierdie digitale era of gedrukte boeke nog lank 'n plek (rak) gaan hê in ons al kleinerwordende leefruimtes. Maar soos met radio, blyk dit 'n medium te wees wat steeds gewild bly. Die afgelope paar jaar se 2de-handse boeke- en wit olifantmark by ons gemeente, bevestig dit beslis soos boekwurms en winskopie-snuffelaars weer ou boeke en wegmaakgoete laat herleef.

Voor elfuur begin die kopers al armsvol boeke bymekaarmaak. Die vrolike musiek in die agtergrond, sit 'n wip in die stap en 'n vonkel in die oog. Dis wonderlik om te sien hoe lekker die mense kuier by kleurvolle tafeltjies en stoele. Ons gemeente se predikantspaar, Mauritz en Sonja Heyneman, het gesorg vir egte koffiekapitaal en verleidelike eetgoed. Almal se harte en beursies is oop vir die doel waarvoor hierdie jaar se fondse aangewend word, nl. die Vrystaatse sinode se Hoopfonds vir die Kwazulu-Natal vloed.

Met die ontstellende beeldmateriaal van die KZN-vloed was almal dit eens dat NG Heuwelkruin op 'n manier graag wil help. Die R8 055 is maar 'n spreekwoordelike druppel in die emmer, maar daarmee saam bid ons dat ons almagtige Skeppergod weer sal herskep uit die gebrokenheid van duisende slagoffers se lewe. Mag daar nuwe stories geskryf word van die liefde van God, uitgeleef deur die Woord wat Mens geword het se Liggaam in 'n klimaatsveranderende wêreld.

geskryf deur : HERMINE WATSON





Na 12 jaar in diens as koster van NG Heuwelkruin-gemeente, het dit tyd geword vir aftree... Wonderlike jare met kosbare herinneringe daarby. Eerstens wil ek net dankie sê aan my Skepper, dat ek die geleentheid gekry het om hom op so 'n manier te dien. Dit is nie altyd maklik om iemand voor jou se groot voetspore vol te staan nie, maar met die hulp van wonderlike mense se leiding en begrip het ek so stadig maar seker my voete gevind. Dit was nogal 'n uitdaging om so baie mense met verskillende persoonlikhede gelukkig te hou. Daar was funksies van allerhande soorte, troues, begrafnisse, vergaderings, ens. Dit het soms fyn voetwerk gekos om almal tevrede te hou, selfs die paar ou korrelkoppe ook, maar dit is waar ek ook wonderlike vriende gemaak het en op wie se nommer ek altyd kon druk as ek hulp nodig gehad het.

Een of twee staaltjies wat ek kan noem was toe ek en Magriet eendag met 'n begrafnis gesien het dat die eetgoed te min is en vining nog brood, botter en vulsels moes gaan koop om nog 'n paar brode toebroodjies te maak voor die diens uitkom.

Tydens een doop geleentheid het ek vergeet om vooraf water in die doopbak te gooi. Gelukkig kom ek dit agter terwyl die doopouers en dominee al reggestaan het vir die geleentheid. Ek moes gou water gaan kry en voor al die mense dit in die doopbak gegooi het. Dominee het net 'n kopknik gegee en die doopouers het my later bedank en dat dit vir hulle 'n spesiale oomblik was.

Die Vrouediens het altyd baie na aan my hart gelê en ek het baie by hulle geleer. Soms was dit maar 'n lekker geskarrel daar in die kombuis om alles reg en mooi te kry. Ek was ook bevoorreg om onder die predikante te werk en altyd 'n goeie gees is in die kantoor te kon behou. Mag ons nog lank deel in mekaar se lief en leed.

RESEPTTE

Geleen by Boerekos.com



BILTONGSOP

- 2 uie, gekap
- 100 g botter
- 2 knoffelhuisies, fyn gedruk
- 60 ml koekmeelblom
- 500 ml ligte hoenderaftreksel
- 250 ml warm volroommelk
- 125 g beesbiltong, fyn gekap
- 60 ml bloukaas, gekrummel
- 60 ml fetakaas, gekrummel
- Sout en vars gemaalde swartpeper na smaak.

Braai die uie in die botter tot sag. Voeg die knoffelhuisies by en braai tot geurig. Voeg die meel by en braai tot die mengsel borrel. Voeg die hoenderaftreksel by en verhit, terwyl geroer word, tot kookpunt. Voeg die warm melk by en verhit weer tot kookpunt. Laat prut tot dit gaar proe. Voeg die biltong by en verpulp tot glad. Verhit net voor opdiening weer tot kookpunt, roer die kaas deur, geur met sout en peper en sit dadelik voor.

RESEPT

Kondensmelk tiramisu



Geleen by Boerekos.com

Bestandele:

- 1 blikkie (385 g) kondensmelk
- melk (gebruik die leë kondensmelkblikkie en vul 2x)
- 3 eiergele
- 30 ml (2 e) mielieblom
- 150 g donkersjokolade, in stukkies gebreek
- 250 ml (1 k) ekstra melk
- 1 groot pak (200 g) sponsvingerbeskuitjies
- 250 ml (1 k) vars room, verkoel en styf geklits
- 1 Flake-sjokolade, gekrummel

Metode:

Meng die kondensmelk, melk, eiergele en mielieblom saam in 'n kastrol. Verhit en roer tot die mengsel kook en verdik. Hou eenkant.

Smelt die sjokolade en 250 ml ekstra melk in 'n glasbak oor kookwater of 1-2 minute in die mikrogolfoond. Roer gereeld.


Skep 'n lagie kondensmelkmengsel in 6-8 poedinglasies of in een groot glasbak.

Doop 'n paar vingerbeskuitjies in die sjokolademengsel en pak bo-op die kondensmelkmengsel.

Herhaal die lae en rond af met room. Verkoel sowat 1 uur of tot stewig. Krummel die Flake net voor opdiening oor.

KONTAK ONS

Indien jy dalk 'n oulike artikel of beproefde resepte wat jy graag wil deel, stuur asb aan hkruin@ngheuwelkruin.org.za of sonjajansen01@gmail.com vir moontlike plasing in ons volgende uitgawe.



ADVERTENSIES WELKOM @R150 PER A5

(JPG/PDF FORMAAT)

Samesteller | Sonja Jansen Heyneman 071 202 3972 (s)

FINANSIES

Ons opregte dank aan elke vrouelidmaat vir gereelde maandelikse bydraes om die Vrouediens se somme te laat klop. Veral in hierdie moeilike tye wat ons beleef, word elke bydrae opreg waardeer.



BYDRAES VIR DIE VROUEDIENS KAN AS VOLG GEDOEN WORD:

Dankofferkoevert:

Spesifiseer die bedrag aan die Vrouediens op die koevert asb.



OF

Elektroniese inbetalings :

NG Gemeente Heuwelkruin
ABSA, reknr 470 583 266,
takkode : 632005
Verwysing: Vrouediens



Snap here to pay

 SnapScan

REDAKSIE

Vrouediensbestuur van NG Kerk Heuwelkruin, Bloemfontein



(V.l.n.r. agter) Sonja Jansen Heyneman, Marie-Elize Klopper, Chrisna van Wyk, Hannelie du Randt, Christelle Taljaard, (v.l.n.r. voor) Carlize Skein, Judy Havenga en Nelma Ferreira (inlas foto).



NG KERK HEUWELKRUIN

STRATFORDSTRAAT 43, HEUWELSIG, 9301

051 436 6634 (K)

HKRUIN@NGHEUWELKRUIN.ORG.ZA

VOLG ONS GEMEENTE OP SOSIALE MEDIA OF GEBRUIK DIE SKAKELS HIERONDER



VOLG
ons op
Facebook



VOLG
ons op
Instagram



LOER
na ons
webtuiste



VOLG
ons op
YOUTUBE